

DIE VERGETE DEEL VAN PESAG

Nota: In hierdie artikel word die ware Name van die Vader en Messias (Die Gesalfde Een) gebruik, naamlik:

- ❖ **YHVH** (die HERE; In Hebreeus יהוה en getranslitereer as YHVH en uitgespreek as Yahuah), en
- ❖ **Yeshua Messias** (Jesus Christus).

Hoewel Christene, Messiane en Jode eenstemmig is dat Pesag (Paasfees) gedenk moet word, is daar verskille oor die hoe en wanneer van hierdie fees van YHVH. Hierdie verskille is ondermeer bespreek in die artikel: *Die Paasfees (Easter) Misleiding*¹. Die doel van hierdie artikel is nie om die verskille verder te bespreek nie, maar om wel die vraag te vra en te ondersoek hoekom die ander twee feeste wat deel is van Pesag nie deur Christene gedenk word nie!?

Volgens Levitikus 23:4 tot 14 is daar twee verdere feeste wat deel vorm van Pesag, naamlik die Fees van die Fees van Ongesuurde Brood en die Fees van die Eerstelingsgerf (Eerstelinge), of ook bekend as die Wuifoffer. Hierdie drie feeste is aaneenlopend en vorm volgens die voorgeskrewe feestye (Bestemde Tye) van YHVH gesamentlik die eerste van die drie feesseisoene. Die Skrifte is ook duidelik dat Pesag op die veertiende dag van die eerste maand (Nisan) gedenk moet word en dan gevolg moet word deur die Fees van Ongesuurde Brood wat die dag daarna (15 Nisan) begin en laastens die Fees van Eerstelinge wat op die dag na die weeklikse Shabbat gedenk word.

Ons weet dat hierdie Bestemde Tye 'n afbeelding van YHVH se raadsplan met die mens is, en derhalwe is dit 'n heenwysing na Yeshua Messias. So weet ons dat Pesag 'n afbeelding en herinnering is van Yeshua as die Lam van God wat vir ons sondes geoffer is en deur wie se bloed daar vergifnis en versoening bewerkstellig is. Hierdie fees is dus reeds in Yeshua vervul en dit is wat ons jaarliks gedenk.

Die vraag is egter nou: Wat van die ander twee feeste? Hoekom gedenk Christene (die kerk) dan nie ook hierdie feeste nie? Volgens die Skrifte is die

¹ <http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/02/DwalingPaasfees.pdf>

Fees van Ongesuurde Brood so belangrik dat daar na die Pesag ook as die Fees van Ongesuurde Brood verwys word (Luk. 22:1 en 7; Matt. 26:17; Mark 14:1 en 12). Hiervolgens is dit tog duidelik dat beide die fees van Ongesuurde Brood en dié van die Eerstelingsgerf onlosmaakbaar aan Pesag verbind is! Hierdie twee Bestemde Tye is die deel van Pesag wat Christene (die kerk) vergeet het!!

Fees van Ongesuurde Brood

Met Pesag gedenk ons dit wat YHVH ons Vader deur Yeshua Messias vir ons gedoen het, naamlik ons bevryding van die slawejuk van sonde. Ons gedenk ons sondevergifnis deur geloof in die geslagde Lam van YHVH wat ons sondeskuld uitgedelg het. Die Fees van Ongesuurde Brood, wat die dag na Pesag begin en vir sewe dae duur, is die logiese uitvloeisel van Pesag, naamlik 'n tydperk van selfondersoek om van die heerskappy van alle sonde bevry te word. Soos Paulus dit in sy brief aan die Romeine stel:

Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van Elohiem as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van Elohiem. Rom. 6:12 en 13 (Woord en Getuienis)

Met hierdie doel voor oë is die fees van Ongesuurde Brood 'n afspraak met Vader-God sodat Hy deur Sy Gees ons kan ontsondig en dat ons as gereinigdes voor Hom kan verskyn met 'n onwankelbare gees van bereidwillige gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies – Sy Torah.

Die doel van ons bevryding van die slawejuk van sonde en van ons sondeskuld, is juis dat ons YHVH in gehoorsaamheid aan Sy Torah (die wet) kan dien. Sonder YHVH se Torah kan daar geen ware vryheid wees nie!! Gehoorsaamheid aan die Vader se onderrig en instruksies is die waarborg van vryheid! Dit is die boodskap van die Fees van Ongesuurde Brood wat ons nie mag vergeet nie! Soos Israel van ouds word ons ook bevry om YHVH ons God en Vader in die woestyn van die alledaagse lewe te kan gaan dien. Soos Moses tot Farao gespreek het, so moet ons tot die Farao's (die sonde) wat ons nog in gevangenskap hou spreek en sê:

YHVH, die Elohiem van die Hebreërs, het my na u gestuur met die boodskap: Laat my volk trek, dat hulle My kan dien in die woestyn. Ex. 7:16 (Woord en Getuienis)

Die einddoel van Pesag is om ons vrypraak van die skuldbrief van sonde te gebruik om met 'n dankbare hart gehoorsaam aan Torah te leef – 'n lewe van oorwinning oor sonde! Die Fees van Ongesuurde Brood herinner ons juis aan 'n leefwyse volgens YHVH se geregtigheid in Yeshua (2 Kor. 5:21) en nie volgens ons eie geregtigheid nie (Rom. 10:3). Hierdie jaarlikse afspraak met

ons Vader is 'n herinnering aan Sy geregtigheid – daardie geregtigheid wat ons moet soek (Matt. 6:33).

Die Fees van die Eerstelingsgerf

Die Fees van die Eerstelingsgerf is die afbeelding van die lewe as 'n nuwe mens in Messias; 'n lewe van toewyding waar elkeen sy beste aan die Vader offer. Dit is 'n herinnering van die ou dinge wat verby is en van alles wat nuut geword het (2 Kor. 5:17). In die woorde van Paulus kan ons dit soos volg opsom:

Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie, want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry. As ons daarom saam met Die Gesalfde Een dood is, laat ons vertrou dat ons saam met Die Gesalfde Een sal lewe, omdat ons weet dat Die Gesalfde Een opgestaan het uit die dood en nie weer sal sterf nie en die dood het geen outoriteit oor Hom nie. Hy wat dood is vir die sonde, het een maal gesterf en omdat Hy leef, leef Hy vir God. Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een. Daarom sal die sonde nie in julle dooie liggame heers, asof julle aan sy begeertes gehoorsaam sou wees nie. Rom. 6:4 tot 12 (PWL Vertaling²).

Die opstanding van Yeshua Messias is die nuwe testamentiese vervulling van die Fees van die Eerstelingsgerf.

Maar nou, die Messias is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterf, so sal hulle ook almal in die Messias lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling die Messias, daarna die wat aan die Messias behoort by sy koms. 1 Kor. 15:20 tot 23 (Woord en Getuienis).

Yeshua is die *Eerstelingsgerf* – die *wuifoffer* wat aan YHVH geoffer was en wat na Sy opstanding, op die dag van die Fees van die Eerstelinge, Homself voor YHVH gebring as die Eersteling wat uit die dood opgestaan het (Joh. 20:17). Op daardie dag het Yeshua as die Eerstelingsgerf van YHVH se Koninkryk met Sy eie bloed die allerheiligste ingegaan en 'n ewige verlossing vir ons teweeggebring (Heb. 9:12; Heb. 10:12).

Die eerstelingsgerf was die belofte van die goeie oes wat geoes sal word. Telkens wanneer Israel die eerstelingsgerf voor YHVH beweeg het, was dit 'n profetiese heenwysing na die siele-oes wat in Messias geoes sal word. Yeshua is die Eersgeborene van daardie oes (Rom. 8:29).

² PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Die feit dat Yeshua die *Eerstelingsgerf* van die oes was, beteken daar is 'n oes op die land wat op YHVH se bestemde tyd geoes sal word. Elke gelowige in Messias is deel van daardie oes. Ons sal almal *ge-oes* word en 'n verheerlikte liggaam verkry.

Die fees van Eerstelinge is ook 'n herinnering van die belofte dat elkeen ook, soos Yeshua, 'n verheerlikte liggaam sal kry met die wederkoms van ons Messias. Yeshua is die Eersgeborene uit die dode (Eersteling), m.a.w. die eerste om uit die dode op te staan as onsterflike mens (Kol. 1:18). Die gelowiges in Yeshua sal volg. Omrede Yeshua die eerste was, het ons die versekering dat ons ook eendag uit die dode sal opstaan.

Die Probleem

Deur slegs die folterdood (Pesag) en opstanding van Yeshua (Fees van Eerstelinge) te gedenk, word die geestelike waarheid van die Fees van Ongesuurde Brood en van die Fees van die Eerstelinge, wat volg op hierdie versoeningswerk van Yeshua, vergeet.

Dit is dan juis wat die probleem met die hedendaagse kerk is, naamlik dat die geestelike betekenis van veral die Fees van Ongesuurde Brood vergeet is en nie vir gelowiges geleer word nie. Omrede hierdie fees vergeet en nie gedenk word nie, word sonde en heiligmaking (afsondering) nie meer gepreek nie. Die klem word slegs op die Vader se liefde en genade, waarvan die Pesag 'n afbeelding is, gelê. Die feit dat YHVH ook 'n God van oordeel is, word vergeet. Die feit dat Hy vereis dat ons die ou suurdeeg van sonde moet verwyder sodat ons nuwe deeg sonder enige suurdeeg kan wees, word nie verkondig en geleer nie.

Gooi die ou suurdeeg uit sodat julle 'n nuwe stuk deeg kan wees, soos wat julle eintlik ongesuurd is, want ons Pesaglam, Die Gesalfde Een, is vir ons geslag. As gevolg hiervan, laat ons dan die fees hou, nie met die ou suurdeeg of met suurdeeg wat in boosheid of bitterheid is nie, maar met die ongesuurdheid van reinheid en afgesonderdheid. 1 Kor. 5:7 en 8.

Die Fees van Ongesuurde Brood moet steeds deur Christene gedenk word as herinnering dat ons in ons lewenswandel heilig – afgesonder en uitgeroep – moet leef (Lev. 11:44; Lev. 20:7 en 1 Pet. 1:15 en 16). Hierdie fees is, soos die ander feeste, 'n ewige insetting van YHVH.

Uiteraard vier ons nie meer hierdie fees soos onder die ou verbond nie, want Yeshua ons Messias het gekom. Wat vir ons van belang is, is die geestelike betekenis van hierdie fees en hoe dit deur Yeshua in vervulling gekom het. Dit is belangrik om te onthou dat ons dood vir die sonde is en lewend is vir YHVH in Yeshua (Rom. 6:11).

Die Fees van die Eerstelingsgerf dien nie net as 'n herinnering dat Yeshua die Wuifoffer is nie, maar herinner ons ook aan die belofte dat ons eendag ook 'n verheerlikste liggaam sal ontvang!

Die Slotsom

Pesag is simbolies van bevryding en van 'n nuwe begin. Israel is in Egipte bevry van die slawejuk en het as vrygekoop deur die bloed van die pesaglam nuut begin as God se volk. Onder die hernieude (nuwe) verbond is elkeen wat Yeshua as Verlosser aanneem, bevry van die slawejuk van sonde en begin elkeen 'n nuwe lewe in Hom (2 Kor. 5:17; Kol. 3:9 en 10).

Die Fees van die Ongesuurde Brood simboliseer die voortsetting van hierdie lewe as bevryde en as God die Vader se kind (volk). Dit is 'n afbeelding van die proses om alle sonde (suurdeeg) te verwyder, sodat elkeen afgesonder en volmaak kan wees. Dit is die proses om van alle ongeregtheid gereinig te word (1 Joh. 1:9) en in oorwinning oor sonde te leef (Rom. 6:11 tot 14).

Sonde is ongehoorsaamheid aan die wet van YHVH – Sy Torah (1 Joh. 3:4). Indien ons nie alle sonde uit ons lewe verwyder nie, sal ons afgesny word van die regte en voorregte as kind van YHVH. Elkeen wat gesuurde brood eet, naamlik doelbewus sondig, sal uitgeroei word (Ex. 12:15 en 19). Diegene wat volhard in die werke van die vlees sal nie die Koninkryk van God beërwe nie (Gal. 5:19 tot 21). Sonder heiligmaking sal niemand YHVH ons Meester sien nie (Heb. 12:14).

Volmaaktheid (Matt. 5:48; 2 Kor. 13:11) en afsondering (heiligmaking – 1 Pet. 1:15 en 16) moet elke gelowige se doelwit wees. *Volmaak* beteken om 'n volledige of voltooide mens te wees ten opsigte van moraliteit en karakter, sowel as geestelik en verstandelik. *Heilig* beteken om rein, sonder blaam en afgesonder van sonde te wees, asook om uitgeroep en toegewyd te wees.

Die Fees van Ongesuurde Brood duur vir sewe dae. Die getal sewe dui volmaaktheid en voltooiing aan. Hierdie is 'n heenwysing van die strewe na volmaaktheid en heiligheid. 'n Proses wat aanhou tot die dag wanneer dit voltooi is, naamlik tot die mens sy laaste asem uitblaas.

.....en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van YHVH; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet. Op die eerste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Maar julle moet sewe dae lank aan YHVH 'n vuuroffer bring. Op die sewende dag moet daar 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Lev. 23:6 tot 8

Hoekom moet Christene ook hierdie fees vier? Die antwoord is omrede dit ons Vader se feestye (Bestemde Tye) is wat Hy bepaal het as afgesonderde samekomste (Lev. 23:2 en 4). Hoewel heiligmaking 'n daaglikse proses is,

het ons Hemelse Vader bepaal dat sekere dae van die jaar spesiaal opsy gesit word om hierdie fees, asook die ander feeste, en die betekenis daarvan, te gedenk.

Die Fees van Ongesuurde Brood is dus 'n geleentheid tot selfondersoek met die hulp van die Afgesonderde (Heilige) Gees. 'n Geleentheid om in elke hoekie van ons lewe te gaan soek vir moontlike suurdeeg van sonde en dit dan te vewyder. As koninklike priester het elkeen die geleentheid om die tempel van die Almagtige, naamlik gees, siel en liggaam, te reinig van alles wat nie tot eer van Vader God is nie.

Moenie Pesag, en daarmee saam die Fees van Ongesuurde Brood en die Fees van die Eerstelingsgerf, vergeet nie! Gesamentlik is dit 'n herinnering en afbeelding van YHWH se genade in Yeshua en hoe om as geregverdigde te lewe.

Ontvang YHWH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Nota: Die artikel oor 'Die Paasfees (Easter) Misleiding', asook ander artikels oor Pesag, kan afgelaai word by: http://nuwelielied.info/?page_id=340

Shalomgroete,
Johan.

E-pos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.